

Graan SA Oggend Markkomentaar

DATUM 2017/10/17	DATUM 2017/10/16		+ - WEEK GELEDE 2017/10/09		BY DIE GELD PUT OPSIE		
	Δ	Δ%	Data	Δ%	WEEK	WM	YM
DJIA-index	22957	85.24 ↑	0.4%	22872	0.8%	22774	JULIE '18 TERMYNPRYS R 2 065.00 R 2 138.00
Goud (Spot)	1292.48	-9.89 ↓	-0.8%	1302.37	0.7%	1283.16	PUT TREFFPRYS R 2 080.00 R 2 140.00
Brent \$/vat	57.85	-0.01 ↓	0.0%	57.86	3.6%	55.83	PUT PREMIE R 221.67 R 206.13
1 € / US\$	1.1769	-0.003 ↓	-0.2%	1.1795	0.3%	1.1728	MINIMUM SAFEX PRYS R 1 858.33 R 1 933.87
1 US\$ / ZAR	13.33	-0.010 ↓	-0.1%	13.34	2.8%	13.71	
Corn	R 1 847.20	4 ↑	0.2%	R 1 843.34			*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day
Wheat	R 2 128.20	-2 ↓	-0.1%	R 2 129.80			* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day
Soybeans	R 4 847.84	21 ↑	0.4%	R 4 827.22			* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)					WEEK NR.		
Corn Sep 17	352.00	1.00 ↑	0.3%	351.00	1%	350.00	23 MIELIE UITVOERE
Wheat Sep 17	439.00	0.00 ↑	0.0%	439.00	1%	443.00	WEEK TOTAAL 7 942 54 041 61 983
Soybeans Sep 17	1000.00	5.00 ↑	0.5%	995.00	3%	972.00	JTD TOTAAL 473 468 902 266 1 375 734
PLAASLIKE MARKINLIGTING					UITVOERBAAR 2 500 000 1 850 000 4 350 000		
SORGHUM Dec '17	2550.00	50.00 ↑	2.0%	2500.00	19%	2600.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR 19% 49% 32%
WMAZ Spot	1874.00	18.00 ↑	1.0%	1856.00	0.6%	1863.00	TEMPO/WEEK BENODIG 69 880 32 680 102 561
WMAZ Dec 17	1918.00	15.00 ↑	0.8%	1903.00	0.1%	1916.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS
WMAZ Mar 18	1964.00	16.00 ↑	0.8%	1948.00	0.1%	1963.00	WEEK TOTAAL 20 522 11 706 32 228
YMAZ Spot	1970.00	13.00 ↑	0.7%	1957.00	-0.2%	1973.00	JTD TOTAAL 9 311 799 6 253 762 15 565 561
YMAZ Dec 17	2014.00	12.00 ↑	0.6%	2002.00	-0.9%	2032.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS 9 642 750 6 451 250 16 094 000
YMAZ Mar 18	2062.00	12.00 ↑	0.6%	2050.00	-0.9%	2081.00	% GELEWER VAN OES 97% 97% 97%
SOY Spot	4745.00	0.00 ↑	0.0%	4745.00	0.7%	4710.00	TEMPO /WEEK BENODIG 11 412 6 810 18 222
SOY Dec 17	4827.00	-3.00 ↓	-0.1%	4830.00	0.3%	4811.00	KORING INVOERE
SUN Spot	4496.00	-62.00 ↓	-1.4%	4558.00	5.3%	4750.00	2017/18 2016/17 5 Jr. GEM
SUN Dec 17	4553.00	-67.00 ↓	-1.5%	4620.00	4.1%	4750.00	WEEK TOTAAL 37 337 1 900 22 311
WHEAT Spot	4142.00	28.00 ↑	0.7%	4114.00	16%	4851.00	JTD TOTAAL 37 337 1 900 22 311
WHEAT Dec 17	4144.00	17.00 ↑	0.4%	4127.00	0.3%	4131.00	TOTAAL BENODIG 1 800 000 930 728 1 568 763
WHEAT Mrt 18	4222.00	13.00 ↑	0.3%	4209.00	-0.2%	4152.00	JTD AS % VAN BENODIG 2% 0.2% 1%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand het die versterkende tendens wat sedert einde verlede week gesien was voortgesit teenoor die dollar, tesame met ander ontlukende lande se geldeenhe. Die rand verhandel vanoggend teen R13.32/\$, wat ongeveer 2 sent sterker is as gister-middag met marksluiting. Die dollar het onder druk gekom met die onsekerhede rakende die Amerikaanse inflasiekoerse wat die moontlikheid van 'n rentekoersverhoging in die VSA weer in die weegskaal plaas. Die voorsitter van die Amerikaanse Federale Reserwebank het egter aangedui dat daar 'n groot moontlikheid is van 'n rentekoersverhoging met die versterking van die Amerikaanse arbeidsmark wat moontlik die inflasiekoerse kan steun in 2018. In die plaaslike perspektief het die hofuitspraak dat die korrupsiesake teen die president Jacob Zuma moet voortgaan, ook ondersteuning aan die rand gebied. Ander faktore wat dopgehou sal word hierdie week, is die plaaslike inflasiekoerse wat deur Statistiek SA bekend gemaak sal word, sowel as die politieke klimaat wat heers in die land tans. Op die kommoditeitsfront het Brent ru olie, wat 'n groot gedeelte uitmaak van die plaaslike brandstof prys, die versterkings verder voortgesit met die goeie vraag na olie veral uit China wat 37 miljoen ton olie ingevoer het gedurende September, 9% meer as dieselfde tyd verlede jaar.

Mielies: Die Amerikaanse mieliepryse het gister weer onder druk gekom in die vorige twee sessies met beide die Desember 2017 en Maart 2018 kontrakte wat laer gesluit het. Alhoewel die pryse die laaste tyd ondersteuning gevind het as gevolg van die stadiger as gemiddelde stroop tempo en die goeie uitvoerverkope wat gerapporteer word, is dit steeds nie genoeg nie om die moontlikheid van 'n groot Amerikaanse produksie vir die seisoen te oorskadu nie. Die verwagtinge in die mark is steeds dat die VSA 'n groot oes kan hê hierdie seisoen en dit hou die pryse onder druk. In die nuutste USDA produksievorderingsverslag wat gister bekend gemaak was, word die strooppes van mielies op 28% voltooi gerapporteer, teenoor die 22% voltooi verlede week en die 5 jaar gemiddeld van 47% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die vertraging in die strooppes is hoofsaaklik as gevolg van reën wat voorgekom het in die Midweste verlede week. Die produksietoestand van die mielies in die VSA verbeter steeds en dit word op 65% goed tot uitstekend geskat, wat 1% beter is as verlede week, maar steeds aansienlik laer is as verlede jaar 74% goed tot uitstekend toestand. Die weer in die Midweste vir die komende week word voorspel om droër te wees, wat gunstig sal wees vir die stroop tempo. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliepryse het gister ondersteuning gevind en het meestal sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande. Die handelingsvolumes van die geelmelies was effens laer gewees terwyl die witmelies handelingsvolumes effens hoër was vir die week. Die huidige fokus in die plaaslike mark is hoofsaaklik op die uitvoere en die nuutste verslag word later vandag deur SAGIS bekend gemaak. Die aanplantings vir die nuwe seisoen het ook alreeds begin in sekere gedeeltes van die land en die groot vraag gaan wees wat die aanplantings vir die seisoen gaan wees. Met die huidige verwagte oordragvoorraad kan die hektare met ongeveer 40% gesny word vanaf die vorige seisoen om nader aan 'n gelykbrektoes te kom vir volgende seisoen.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonpryse het gister onder druk gekom en het laer verhandel alhoewel die verliese in die mark beperk was deur die gunstige uitvoersyfers wat vir week gerapporteer was. Beide die November 2017 en die Januarie 2018 kontrakte het onder druk gekom en het laer verhandel, terwyl die sojaboonmeel en sojaboonolie markte ook gister laer verhandel het. Die weeklikse Amerikaanse uitvoer inspeksies wat gister gerapporteer was is hoër as wat die gemiddelde handelsverwagtinge was vir die week, maar die volumes teenoor dieselfde tyd verlede seisoen is laer. Die jaar tot datum uitvoere van sojabone is ook laer as teen dieselfde tyd verlede seisoen. Privaat uitvoerders het gister 'n groot daaglikse verkoop gerapporteer aan 'n onbekende bestemming vir lewering in die 2017/18 seisoen. In die nuutste weeklikse produksie vorderingsverslag was die sojaboon produksie toestand op 61% goed tot uitstekend geskat vir die week en alhoewel die 61% onveranderd is vanaf verlede week is dit wel 1% hoër aan die uitstekende kant terwyl die op goed gerapporteer 1% laer is, wat die effense beter neiging in die produksietoestand toon. Die sojabone wat alreeds gestroop is, word op 49% gerapporteer wat aansienlik stadiger is as die 5 jaar gemiddelde tempo 60% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die weerstoestand in die VSA sal egter fyn dopgehou word in die volgende paar weke met die strooppes van die sojabone wat alreeds laer as die gemiddelde tempo is kan reën in sekere gedeeltes van die land waar die strooppes aan die gang is dit verder vertraag. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister onder druk gekom en het laer verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die mark verhandelings vir die dag was redelik in lyn met die pariteite vir die dag. Die nuutste maandelikse SAGIS data word volgende week bekend gestel en dit sal belangrike inligting toon rakend die verwerking van sojabone plaaslik en dit sal ook 'n goeie aanduiding wees van die moontlike tempo vir die res van die seisoen.

Koring: Die Amerikaanse koringmarkte het gister hoofsaaklik onder druk gekom en het laer verhandel hoofsaaklik as gevolg van die lae uitvoervraag wat gesien word vanuit die VSA. Al die Amerikaanse koringmarkte wat die sagte rooi winterkoring, die harde rooi winterkoring en die lentekoring insluit het almal laer verhandel. Die weeklikse uitvoerinspeksies wat gister gerapporteer was, is aan die lae kant van die week se handelsverwagtinge gewees en ook laer as verlede week se uitvoere. Die jaar tot datum uitvoere wat alreeds plaasgevind het is ook laer as die totale wat verlede jaar gedurende dieselfde tydperk gesien was. Die koring van ander oorspronge soos dié uit die swart see streek is ook goedkoper as die Amerikaanse koring wat die VSA onmededingend maak in die internasionale uitvoer konteks. In die weeklikse produksievorderingsverslag wat gister deur die USDA bekend gemaak was, word die winterkoring wat reeds aangeplant is op 60% voltooi gerapporteer wat stadiger as die 5 jaar gemiddelde tempo van 71% is teen hierdie tyd van die seisoen. Die koring wat reeds ontkiem het word op 37% gerapporteer terwyl die 5 jaar gemiddelde tempo teen hierdie tyd van die seisoen 43% is. Groot koringvoorraad in die wêreld konteks hou die internasionale koringpryse onder druk. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die koringmark het aanvanklik in die sessie laer verhandel, maar het later goeie ondersteuning gevind met goeie koopkrag wat in die mark gesien was. Die handelingsvolumes vir die dag op die Desember kontrak was ook redelik hoog gewees in vergelyking met die volumes wat die afgelope tyd gesien was. Die nuutste SAGIS weeklikse in- en uitvoerverslag word later vandag bekend gemaak en die verwagtinge is dat daar heelwat koringinvoere gesien gaan word in die volgende paar weke.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za / www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur Michelle Mokone en Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: Michelle@grainsa.co.za / Luan@grainsa.co.za
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

